**NASIONALE TESOURIE**

**KENNISGEWING 643 VAN 2016**

**WET OP ONTWIKKELINGSBANK VAN SUIDER-AFRIKA, 1997: WYSIGING VAN REGULASIES**

Die Minister van Finansies het, ingevolge artikel 17 van die Wet op Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika, 1997 (Wet Nr. 13 van 1997), die regulasies kragtens Goewermentskennisgewing No. R. 1390 van 19 November 1997 gepubliseer (soos gewysing), gewysig deur—

(a) regulasie 3 deur die volgende regulasie te vervang:

"**Bykomende lande waarin Bank werksaam is**

3. Bykomend tot die nasionale gebiede van die lande ingesluit in die streek ingevolge artikel 2A(1)(a) en (b) van die Wet, sluit die streek, vir doeleindes van artikel 2A(1)(c) van die Wet, die nasionale gebiede van alle ander lande op die Afrika-kontinent en oseaaneilande daarvan, in."; en

(b) regulasie 44 deur die volgende regulasie te vervang:

"**Direkteure mag leen**

44. Die direkteure kan na goeddunke van tyd tot tyd by die lede of ander persone enige bedrag of bedrae vir die Bank se doeleindes opneem of leen, met dien verstande dat die hefboomverhouding nie meer is as twee en 'n half (2,5) maal die totaal van sy gemagtigde aandelekapitaal en reserwefonds nie.".